
Herlaai
HERSTEL - HERONTDEK - HERFOKUS
Maak 2026 dié jaar vir persoonlike ontwikkeling!
083 726 1180 / 082 464 2690
info@herlaai.co.za
www.herlaai.co.za

ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANIA

Januarie 2026 Volume 3 Uitgawe Nr 1


OOM
Orania Ontwikkelingsmaatskappy
Bou die stad.
Bou die toekoms!
Pieter Bisschoff:
Inligting en bemarking
+27 (0) 53 030 0000
pieter@ontwikkelorania.co.za

## KITSNUUS

Lees meer binne

Meningstuk – James Kemp
Bl 2

OB se 2026 missie
Bl 3

Nuwejaarsboodskappe
Bl 4 & 5

Menings: Verkiesing 2026
Bl 4

BKO se eerstejaars is hier
Bl 6

Marike en studentesake
Bl 7

Menings: Vakansieprogram
Bl 10

Anasteah presteer
Bl 10

CVO leiers prontuit
Bl 11

Jacobus wil vlieg
Bl 11

Sportgids
Bl 12

## SKAKELS

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

## NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 ( Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

# Gevaarlike brand by Kuierstoep getem

Dia van Staden

ORANIA – Die Kleingeluk-gemeenskap was Maandag, 12 Januarie, getuies van 'n vernietigende brand wat die historiese Kuierstoep-gebou geweldig beskadig het. Hoewel die skade aan voorraad en die struktuur aansienlik is, word die voorval gekenmerk deur 'n suksesverhaal van paraatheid en gemeenskapsin.

### 'n Wedloop teen tyd

Die krisis het net voor 19:20 begin ontvou toe vlamme by Stywe Lyne opgemerk is. Henry Meintjies was eerste op die toneel nadat 'n personeellid hom dringend geskakel het. Volgens amptelike rekords het die Orania Veiligheidsdienste (OVD) die noodoproep om 19:19 ontvang. Die reaksie was blitsvinnig en teen 19:31, skaars 12 minute later, was die spanne reeds op die toneel en besig om die vlamme te bestry.

Ettiene de Lange, hoof van die OVD, moes by sy aankoms 'n digte rookwolk trotseer wat sig binne die gebou feitlik onmoontlik gemaak het. Terwyl die span onmiddellik begin het met die ontruiming van persone, is die OVD-brandweerwa ingespan om die brand te takel.

Strategiese belegging werp vrugte af

Theuns Wessels, weerbaarheidsbestuurder by die OVD, skryf die sukses toe aan 'n berekende besluit wat in 2025 geneem is. "'n Volledige veiligheidswaardering het brande as 'n groot risiko geïdentifiseer. OVD het besluit om op daardie waardering te reageer en 'n brandweerwa en die nodige toerusting, met bydraes uit die gemeenskap, aan te koop," sê Wessels.

Hierdie besluit, wat hy as een van "geloof en



aksie" beskryf, was die deurslaggewende faktor. Die hoë waterdruk en gespesialiseerde snytoerusting op die wa het die span toegelaat om die dak met hoeksnyers oop te sny en die vuur, wat in die dak versprei het, te blus.

### Omvang van die skade

Die gebou, wat in die 1960's deur die Departement van Waterwese opgerig is, het weens die gebrek aan brandmure tussen eenhede groot skade gely:

Stywe Lyne: Die brand het vermoedelik hier ontstaan. Toerusting soos 'n mikrogolfoond, broodrooster en menger is vernietig, terwyl die hitte die rekke van yskaste laat smelt het.

Knapsak'i en Die Hoekie: Fanus Becker, eienaar en 'n bekende pionier in die dorp, meld dat rook- en waterskade omvattend is. Dele van die plafon in Knapsak'i het ingeval, wat voorraad- en rakskade veroorsaak het. Becker merk op dat die verlies aan besigheidsure tans die grootste skade is, maar dat hy weens die formele ondersoek moet wag voordat hul kan heropen.

Infrastruktuur: Niel de Klerk van die Orania Ontwikkelingsmaatskappy (OOM) waarsku dat die elektriese bedrading weens die uiterste hitte waarskynlik in sy geheel vervang sal moet word. Die houtvloere het ook gate ingeval weens die massa water wat aangewend is om die geboue te red.

### Menslike impak en bystand

Tina Meintjies, eienaar van Stywe Lyne, het haar teleurstelling uitgespreek oor ongegronde aannames deur sommige omstanders tydens die brand. Sy beklemtoon egter dat sy fokus op die feite en die oorweldigende ondersteuning van die breër gemeenskap. "Dit gaan nie net oor 'n winkel wat geldmaak nie; want ons lewer 'n diens aan die dorp," sê Meintjies. Sy het reeds begin om aanlyn bestellings te neem om kontinuïteit van hul diens te verseker.

Die emosionele en fisiese welstand van die betrokkenes is hanteer deur Susan Coetzer van Eureka Ambulansdienste, wie se professionele optrede as "knap" beskryf is. Teen 22:20 was die situasie onder beheer, met personeel van





Hoeksteen wat deurnag gewaak het teen moontlike opvlammings.

### Toekomsblik

Gousblom, die eienaar van die gebou en filiaal van Helpende Hand, sal na afloop van die formele ondersoek op 16 Januarie en die daaropvolgende verslag van assessors, besluit oor die herstel, heropbou of vervanging van die perseel.

Hoewel die brand 'n harde les was oor die belangrikheid van brandblussers en versekeringsgereedheid, staan die gees van Orania se sake-eienaars onwrikbaar. Die gekoördineerde optrede van die OVD en vrywilligers het verseker dat daar vandag nog 'n infrastruktuur is om te herstel.

KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden Grafiese ontwerp: STORM SAGTEWARE redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



## KOFFIE EN KLETS met die redakteur



# KI of EI?

Ek is die afgelope paar weke verskeie kere gevra of ek weet hoe Kunsmatige Intelligensie (KI) werk. Ek is dan gou aangeraai om dit te toets en aan te wend, want dit sal vir my 'n nuwe wêreld oopbreek!
Ek gaap.
Werklik?
Persone dink dus dat, omdat ons in Orania woon, ons dit nie ken nie? Ek het niemand probeer reghelp nie. Ek het geduldig geluister en op die regte plekke my kop geknik. Ek stap dan weg en hou vas aan my EI – emosionele intelligensie.
Met die oormaat KI is daar al hoe minder EI in die wêreld. Elke voornemende keuse word met ChatGPT of Gemini of Grok se agente getoets. Niemand gebruik meer hul gesonde verstand nie, want 'n rekenaar, wat deur mense inligting gevoer word, gaan namens hul keuses maak. Huh? Hoe het ons hierby uitgekom?
Ek lees van 'n ma wat haar 12 jarige dogter afluister terwyl sy vir Siri geloofsvrae vra. Vrae wat ouers moet beantwoord. Vrae wat 'n kind met vrymoedigheid met 'n ouer behoort te kan bespreek. Toe die ma haar dogter daaroor uitvra antwoord sy: "Siri weet alles en sy kan dadelik en eerlik antwoord."
Verstaan my mooi! Ek besef ons bevind ons in 'n tegnologiese wêreld wat al hoe meer digitaal gaan word. Ma en pa – hoe berei jy jou kind voor vir hierdie realiteit? Verskaf jy 'n hoop data op julle wi-fi? Is daar vrye toegang tot enige platform? Word daar 'n bietjie geredeneer oor die opsies en die moontlike uitkomste?
As ouer het jy 'n reuse verantwoordelikheid om oordeelkundig en minder "gehoorsaam" op te tree. JA, is nie die antwoord op elke versoek nie, en NEE kan met 'n verduideliking gepaard gaan.
Kritiese denke, selfstandigheid, goeie kommunikasie, kreatiewe vermoëns en spanwerk bly kernvereistes van die opkomende geslag in die samelewing en die werkplek.
Wat doen jy om jou kind toe te rus?
As jy onseker is, vra vir KI om jou EI te versterk!
PRAAT met julle kinders en help hulle om unieke individue te word, sodat geen KI hulle sal voorskryf nie, maar eerder waarde by hulle bestaande vermoë sal voeg.
Dit is 2026! Skink die koffie en trek nog 'n stoel vir jou kind nader, sodat gesels en vertroue aanhoudend lewendig gehou kan word! Die toekoms vra nie slimmer masjiene nie, maar wyser mense! Niemand kan jou as ouer vervang nie, behalwe as jy dit toelaat...
STERKTE!

## MENINGSTUK

# My vryheid en jou vryheid

– James Kemp



Die woord "vryheid" is 'n term wat gereeld in Orania gebruik word. As jy iemand in Orania byvoorbeeld vra waarom hulle hierheen verhuis het sal jy dikwels die antwoord kry dat hulle daarheen verhuis het "om vry te wees." Skerp joernaliste sal met die aanhoor van so 'n antwoord vra wat dit beteken om vry te wees waarop verskillende mense verskillende antwoorde sal gee. Een van die vryhede wat hoog aangeslaan word is die vryheid om na donker in die straat te loop, jou kinders met vrymoedigheid te laat buite speel en die vryheid om 'n goeie nagrus te geniet. Dié vryheid loop hand aan hand met veiligheid en is waarskynlik een van die redes waarom die meeste mense na Orania verhuis. Nog 'n vryheid is om in jou eie taal te kan handeldryf. Of dit as besigheidseienaar is wat sy produkte in Afrikaans adverteer of die kliënt wat in Afrikaans bedien word – die vryheid om handel in jou eie taal te bedryf moenie geringgeskat word nie. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die term vryheid nie dieselfde vir almal beteken nie. Een persoon se definisie van vryheid en 'n vry gemeenskap is nie noodwendig dieselfde as n volgende persoon s'n nie. So vind daar byvoorbeeld tans 'n openbare deelnameproses in Orania plaas wat onder meer kyk na die handelsure van kuierplekke in Orania. Vir sommige, veral die groeiende getal studente, is dit 'n basiese vryheid om tot na middernag nog by 'n kuierplek te sosialiseer, terwyl ander sal voel dat restaurante en kroeë liefs lank voor daardie uur hulle deure moet sluit. Een punt waaroor almal wel sal saamstem is dat 'n persoon nie van sy reg om 'n goeie nagrus te geniet ontneem moet word nie. Een se vryheid behoort nie 'n ander s'n in te perk nie. 'n Meer onlangse, en dalk meer omstrede voorbeeld, handel oor die openbare deelnameproses oor die moontlikheid om 'n tattoeëerateljee in Orania oop te maak. Die meerderheid insette wat gelewer is het daarteen beswaar gemaak. Daar was wel diegene wat dit ondersteun het en die vryheid wil geniet om in Orania toegang tot so 'n diens te geniet. Hulle gaan egter steeds die vryheid uitoefen om 'n tattoeëermerk te kry sou hulle oor daardie behoefte beskik, maar die geld sal op 'n ander plek bestee word. Die vraag wat met die teenstand van die aansoek gepaardgaan is of die teenwoordigheid van 'n tattoeëerateljee ander se vryhede sou ondermyn. Niemand sou immers 'n tattoeëermerk teen hulle sin gekry het nie. Die vryheid van keuse. Orania is 'n groeiende gemeenskap wat in die toekoms nog dikwels met verskillende perspektiewe te doen gaan kry. Selfs oor die betekenis van wat iets soos vryheid beteken. Dit is belangrik om nou reeds 'n kultuur te kweek waarbinne gesonde debatte met vrymoedige deelname kan plaasvind.

## RUBRIEK

# Die Wynvlieg waai in 2026 sonder 'n herbegin-knoppie

– Wynvlieg Woltemade


Wynvlieg kyk hoe 'n volk planne maak met sakke vol gister
Elke nuwe jaar bring glo nuwe voornemens. Minder suiker. Meer stap. Minder skermtyd. Meer geduld. Maar 2026 het vreemd begin. Stiller. Swaarder. Asof niemand heeltemal seker is waar die nuwe bladsy begin nie.
Dis nie dat mense nie planne het nie. Inteendeel. Dis net dat baie van daardie planne nog in sakke lê; vol gisters. Halfvol beloftes, uitgestelde besluite en dinge wat nooit behoorlik afgesluit is nie. Dis asof hierdie jaar sonder 'n herbegin-knoppie aangekom het.
Ek sien dit selfs op Nuwejaarsdag. Geen groot toesprake nie. Net mense wat hul koffie langer roer. Die kalender het verander, maar die gemoed nog nie. Die Kersboom staan nog, die vuurwerke was skaars, en niemand het werklik geglo dat middernag iets sou oplos nie. Dis nie uit pessimisme nie, dis uit ervaring.
Ek sien dit by braaivleisvure en om die kombuistafels. Die gesprekke draai nie meer om "wat doen ons volgende?" nie, maar om "wat maak ons nou?" Mense lag nog, ja- maar dit's daardie lag wat vinnig stil raak.
Die Afrikaner hou van voornemens. Ons hou van planne, lyste en dinge wat begin met "van Maandag af". Maar vanjaar sukkel ons daarmee. Nie oor luiheid nie; oor moegheid. Want baie van ons dra nog 2024 en 2025 saam soos 'n sak sement wat nooit neergesit is nie.
En dan is daar die groot besluite. Dié waaroor mense nie hardop praat nie. Gesinne wat fluister oor die VSA se vlugtelingprogram. Nie uit avontuur nie, uit onsekerheid. Nie omdat hulle nie lief is vir hul mense of hul land nie, maar omdat hulle moeg is om altyd sterk te moet wees.
Dis snaaks, né? 'n Volk wat bekend is vir vasbyt, sit nou en wonder of vasbyt nie dalk begin seermaak het nie.
Ek sien mense wat nie nuwe voornemens maak nie, maar oues probeer klaarkry. Mense wat nie hul lewe wil oordoen nie, net wil weet waar hulle staan.
En dalk is dit hoekom 2026 nie voel soos 'n nuwe jaar nie, maar soos 'n lang asemteug tussen twee swaar sinne.
Ons word grootgemaak met die idee dat 'n nuwe jaar alles kan regmaak. Maar dalk leer hierdie een ons iets anders:
dat nie alles 'n herbegin nodig het nie, party dinge net aandag.
Nie almal soek 'n nuwe jaar nie, party soek net asem.

Ek's Wynvlieg Woltemade. Ek kyk hoe 'n volk vorentoe beweeg sonder 'n herbegin-knoppie, stadig, onseker, maar steeds saam. En dalk is dit ook 'n manier van aanhou.

## HULDEBLYK

**Mariette Wiggill**
**7 September 1969 – 1 Januarie 2026**

Christelle de Villiers (Suster):



Meraai het altyd, al was sy hoe haastig, tyd gemaak om 'n geselsie aan te knoop en iemand spesiaal te laat voel. So vandag wil ek, haar sussie, graag vir haar dit teruggee. Meraaikie was my "tweeling sussie", my sussie-kind, my oudste sussie, my maatjie en my skaduwee. Ons het mekaar elke dag gesien, soms meer kere op 'n dag, en elke dag op die foon gepraat. As ek nie vinnig genoeg reageer op haar whatsapp nie, het sy sommer musiekklas toe gekom om my die vraag te kom vra, al was dit net watter kleur sy op haar naels moet sit. Meraai was ook baie geheg aan Thea, of Thaisy soos sy haar genoem het. Ons sussies het werklik baie pret gehad, en Meraai sou ons 2 vinnig op ons plek sit deur ons te herinner dat sy die oudste is. Sy was lief vir 'n whatsapp, 'n foto en 'n groot glimlag. Sy was so getrou om seker te maak sy weet wat in Thaisy en die kinders se lewens aangaan, en tot ons groot vermaak het sy die vermoë gehad om alles 3x te herhaal om haar punt te maak. Sy het ons altyd lekker laat lag. Meraaitjie was 'n skoonsuster vir Sarel. Haar gunsteling swaer, soos sy hom genoem het. Sy het die hoogste agting en respek vir hom gehad. Meraai en Sarel het so unieke verhouding gehad, en sy was blind lojaal en lief vir Sarel. Sy sou ook vinnig aan Sarel raporteer indien ek parmantig was met haar. Meraaitjie was 'n tannie vir 5 kinders. Josua is die oudste en sy het die ereplek as peetma gekry. Sy het met groot selfvertroue met hom n Engels gepraat want hy bly mos in Engeland. Met soveel liefde het sy elke een van hulle bederf met gehekelde kombersies en geskenkies. Ons kinders was haar kinders, en sy was so trots op hulle almal.
Meraai was 'n vrou vir Gavin, hulle was 18 jaar getroud. Hulle was kêrel en meisie van hul kinderjare af. Mariette was oneindig lief vir Gavin, en sy was altyd so trots op al sy maratons. Sy was sy grootste aanhanger en motiveerder. Sy het Gavin se woord aanvaar want sy was onderdanig aan hom, alhoewel ons weet sy sou nie ophou kerm het om tog maar sy kop te swaai nie. Mariette het elke aand vir haar en Gavin bybel gelees en vir almal gebid, elkeen by die naam.
Sy was ook die oudste dogter en my ouers eer haar dat sy altyd dankbaarheid getoon het, sy wou altyd iets vir iemand anders doen. Sy't dit gesê soos sy dit gesien het.
Haar geloof was vir haar verskriklik belangrik, en sy sou altyd diensbaar wees. Sy het die Here daagliks gedien.
Mariette was 'n vriendin vir baie. En vandag wil ek vir elkeen wat haar vriendin was, wat vir haar lief was, wat haar spesiaal laat voel het, wat vir haar omgegee het, en wat haar aanvaar het sê BAIE DANKIE. Julle liefde en aanvaarding en verstaan het ons as gesin se taak soveel ligter gemaak. Julle het bygedra tot haar groot liefdevolle glimlag, en ek sal julle altyd daarvoor eer.



Frans de Klerk is die Kommunikasiebeampte by die Orania Beweging.
Foto: Riaan Badenhorst.

# JOU ROL IN DIE REVOLUSIE

## Hoe om betrokke te raak by Orania se toekoms

Dia van Staden - Redakteur

Die mandaat van die Orania Beweging (OB) is onlosmaaklik verbind aan die grondwet van die organisasie: om as die amptelike kommunikasiekanaal te dien met die doel om meer Afrikaners in Orania te vestig. Hierdie kernopdrag fokus op die uitbouing van die dorp deur doelgerigte eksterne bemarking wat mense aanmoedig om by die Orania-saak betrokke te raak. Vir die OB is die uiteindelike bewys van sukses wanneer Afrikaners die skuif maak en die dorp hul nuwe tuiste maak, aangesien dit die praktiese verwesenliking van hul werk is. As die openbare gesig van Orania bestuur die OB die publieke verhoudinge met die buitewêreld. In hierdie rol is dit hul verantwoordelikheid om die projek se saak eerlik, realisties en met integriteit te stel. Die primêre boodskap aan sowel bestaande as potensiële lede is dat betrokkenheid op elke moontlike vlak deurslaggewend is. Hierdie kommunikasie word gebou op pilare van vertroue en sukses. Dit is belangrik dat ondersteuners verstaan presies waartoe hul bydraes lei, veral omdat Orania tans 'n fase van merkwaardige groei en toenemende geloofwaardigheid beleef. Die uitnodiging aan diegene wat nog onseker is, bly eenvoudig: kom kyk self. Ten spyte van die afwesigheid van 'n groot studentekorps, toon die Orania Beweging se ledetal die afgelope jaar bestendige groei. Hoewel studente en tydelike bestendige groei. Hoewel studente en tydelike inwoners 'n invloei van mense veroorsaak, is hulle nie permanente inwoners nie, en tog bly die dorp se kernbevolking uitbrei. Die ekonomiese aanwysers, soos eiendomspryse en inwonergetalle, volg natuurlik 'n grafiek met hoogte- en laagtepunte, aangesien groei nie noodwendig elke jaar lineêr is nie. Die langtermynvisie bly egter onwrikbaar gerig op grootskaalse uitbreiding. As daar teruggekyk word na 2025, was dit 'n uitsonderlike jaar vir Orania, veral wat betref sy openbare verhoudinge. 'n Groot hoogtepunt was die projekte rondom monumente, met Orania wat as die simboliese tuiste vir spesifieke beelde gedien het. Die "Simboliek van Vryheid" is wyd ondersteun deur sowel lede as nie-lede, en die suksesvolle afhandeling daarvan het gewys dat daar 'n diep begeerte onder mense is om die ideaal van vryheid aktief te ondersteun. Ten spyte van kritiek oor die finansiering van standbeelde, beweeg die beplanning vir 2026 nou na 'n fase waar die fokus op praktiese vryheid sal val. Dit behels fondsinsamelings vir tasbare projekte wat die lewenskwaliteit en infrastruktuur direk sal bevoordeel. Op internasionale front het Orania in 2025 meer media-aandag as ooit tevore geniet. Kwessies soos onteiening sonder vergoeding en die moontlikheid van vlugtelingstatus vir Afrikaners het die wêreld se oë op die dorp gevestig. Hoewel media-dekking soms slinks of bevooroordeeld was, was die algemene kommentaar van die publiek verrassend positief. Hierdie wêreldwye belangstelling het gelei tot betekenisvolle interaksies, soos toe Joost Strydom en dr. Ernst Roets onlangs genooi is om 'n heildronk by die Young Republicans in New York in te stel. Hierdie internasionale verhoudings sal in 2026 verder versterk word met die boodskap dat almal kan bydra, selfs al is dit net deur die korrekte inligting oor Orania te versprei. In sy wese is Orania 'n politieke instelling en 'n vorm van revolusionêre rebellie teen die status quo. Die organisasie poog om sy eie narratief te dikteer eerder as om bloot te reageer op die beskrywings wat ander vir hulle skep. Oraniërs verstaan egter dat hierdie vryheid harde werk vereis. Die realiteit van die lewe in die Karoo behels uiterste klimate, stof, kleiner salarisse en langer ure. Dit gaan oor meer as net die instandhouding van jou eie erf; dit gaan oor die opbou van 'n gemeenskap. Die huidige momentum is 'n golf van entoesiasme wat benut moet word terwyl die geleentheid daar is.

**Volg die Orania Beweging hier:**

https://www.youtube.com/@Orania123
https://www.facebook.com/oraniabeweging
https://www.instagram.com/oraniabeweging/

# ORANIA CVO-SKOOL GEREED VIR 2026 MET GROEI EN NUWE INISIATIEWE

- Dia van Staden

Orania CVO-skool betree die 2026-skooljaar met dankbaarheid, opgewondenheid en 'n sterk fokus op Christelike en kultuurgegronde onderwys. Alle beplanning word aan die Hoër Hand opgedra om rigting te gee in die belangrike taak om kinders vir die toekoms voor te berei.

Die skool het reeds die nuwe leerlinge verwelkom, wat by aankoms gegroet is deur 'n nuwe roostuin voor die kantoor. Al die onderwys-, administratiewe en bedryfshoofposte is gevul, en elke kind sal vanaf dag een deur 'n professioneel gekwalifiseerde onderwyser onderrig word.

Daar is 'n beduidende toename in inskrywings vir 2026, sowel vir klassikale onderrig as vir KuberSkool. Met KuberSkool, die skool by die huis, word 'n generiese model ingestel wat groter buigsaamheid aan tuisskoolouers bied. Leerlinge sal steeds die geleentheid hê om by die skool in te skakel en aan kultuur- en sportaktiwiteite deel te neem.

'n Hoogtepunt op die 2026-kalender is die Winterspele wat vir die eerste keer in Orania aangebied word. Ongeveer 2 000 ouers, familie en leerlinge word vanaf 25 Junie in Orania verwag. Die byeenkoms sal op die skool se eie sportvelde plaasvind. Voorbereidings sluit die aanplant van gras op twee rugbyvelde in, met die hulp van BKO-studente, ouers en ondersteuners uit die gemeenskap.

Die skool se opvoedkundige fokus bly die holistiese ontwikkeling van leerlinge. Vanuit 'n Christelike roeping en trotse Afrikanerkultuur word waardegedrewe onderwys aangebied om leerlinge te anker en toe te rus vir 'n suksesvolle, toekomsgerigte lewe. In 2026 word die vak Robotika vir graad 7 en 8 leerlinge ingestel. Hierdie vak vorm deel van die skool se strategie om leerlinge voor te berei vir die nuwe era van rekenaartegnologie en kunsmatige intelligensie, waaraan hulle reeds toenemend blootgestel word. Orania CVO-skool is besonders trots op die 2025-matrieks wat 'n 100%-slaagsyfer met 96% matriekvrystelling, vier leerlinge wat elk drie onderskeidings, sowel as een leerling met 'n A-gemiddeld behaal het. In 2026 sal daar voortgebou word op hierdie prestasies deur te fokus op getroue skoolbywoning, toegewyde deelname aan onderrig, deeglike voorbereiding vir assessering en die verbetering van leerlinge se leesvermoë, ondermeer in samewerking met die plaaslike biblioteek. Ons gaan fokus om ons eie biblioteek in die klas aan te vul met meer moderne leesboeke om leerlinge se lus vir lees aan te moedig.



Skoolhoof: Susan Nieuwoudt



# 2026 'N JUBELJAAR VIR ORANIA!

- Lida Strydom

So breek Orania en Orania Aandeleblok (RF) (Eiendoms) Beperk (OAB) se 35ste jaar aan. 35 jaar van genade en seën waaroor ons diep dankbaar is. Tans beleef ons, soos die res van die wêreld, 'n ekonomie wat knyp en daarom is OAB se projekte vanjaar ten eerste gerig op goeie onderhoud van infrastruktuur. Met goeie onderhoud kom 'n mens baie ver, al is pype meer as 60 jaar oud! OAB se eerste groot projek vir vanjaar is die voltooiing van die opgradering van die serwituutpad danksy 'n ruim bydrae van die Stadsboufonds. Die eerste gedeelte van dié pad is teen einde 2025 geteer en maak reeds 'n enorme verskil. Ons is diep dankbaar dat ons met eie Orania-hande al die rugbreekwerk kan doen, maar veral vir die vaardighede waaroor die manne beskik en die mooi standaard waarop die pad gebou is.
By die oksidasiedamme is 'n elektriese aansluiting in die vooruitsig, wat 'n voorbereiding is vir die volgende fase van ontwikkeling waar meganiese komponente en toerusting gebruik sal word. Hoewel daar aanvanklik nie vir 'n elektriese aansluiting beplan is nie, het sake verander met die totstandkoming van Orasol, Orania se eie energie-instelling, wat reeds volhoubare krag voorsien en wat beplan om in die toekoms elektrisiteit teen uiters billike tariewe aan inwoners beskikbaar te stel. Slikbeddings by die oksidasiedamme kry aandag om sodoende die slik beter te uit te droog en te bestuur. 'n Groot projek is om die Grondgebruiksbestuurskema oor die Orania-oorlegsone vanjaar in werking te stel. Straatnommers sal aandag kry en interne prosesse, in die besonder aansoekprosesse by die afdeling Beplanning en Grondgebruik, gaan so ver as moontlik gedigitaliseer word. 'n Hoogtepunt waarna uitgesien kan word, is die Ekonomiese Ontwikkelingsplan vir Orania. Ons vertrou dat dit in die eerste kwartaal van 2026 afgehandel sal word. Teen die einde van 2025 het die direksie van OAB goedgekeur dat 2026 'n jubeljaar in Orania sal wees. Dit beteken dat aandeelhouers in OAB die geleentheid kry om herstrukturering van belange in aandeleblokke, veral binne regsentiteite se groepstrukture en binne familieverband, teen verlaagde koste kan doen. Ons is dankbaar dat ons vanjaar die besparing van oordrag- koste kan aankondig. Maar, dit is veral 'n jubeljaar omdat ons weet dat ons vrygemaak is in Jesus Christus en dat ons op God alleen moet vertrou. Dit lê op my hart dat ons, as 'n volk, sal terugkeer na ons Verlosser en dat ons in alles eers na Sy wil sal vra en dít dan sal doen. My bede is dat 2026 vanjaar 'n jubeljaar en 'n genadejaar in Orania sal wees. God het reeds in Sy groot barmhartigheid vir ons die tyd en ruimte geskenk waar ons Hom kan dien. Hy het ons reeds in Hom vrygemaak en Hy is besig om ons as 'n volk te herstel. Mag elkeen in Orania vanjaar sy roeping tot eer van ons Almagtige Vader uitleef.
Hier, in Orania se 35ste jaar!


Burgemeester, Lida Strydom, aan die woord.
Foto: Joost Strydom

# ORANIA - STREEP IN DIE SAND

- Riaan Jacobs


Riaan Jacobs, voorsitter van die Orania Verteenwoordigende Raad.
Foto: Orania Beweging

Orania bestaan vanjaar reeds 35 jaar en dit met verskeie hoogte- en laagtepunte. Ons bestaan was en is gekenmerk met 'n streep in die sand, aangesien die gedagte van Orania vir mense verskeie emosies ontlok. Emosies soos 'n moontlike terughunkering na apartheid en die verlede", afsondering of haat, ensovoorts. Ek dink by die meeste mense skep dit 'n ongemaklikheid omdat Orania veroorsaak dat hulle hul gemaksone moet heroorweeg, hulle moet dink, hulle moet reageer of hulle moet kant kies. Orania kon oor sy bestaanstyd dit regkry om die streep in die sand goed te bestuur, hy kon die streep skuif sonder om dit oor te steek. Deur magsbalans te begryp kon hy deur dapperheid, die "eie" beginsel, harde werk, goeie verhoudings en diplomatieke vermoë en 'n vaste vertroue in sy Skepper, die gebied aan sy kant van die streep verruim. Sekere strepe het ons getrek soos dat ons nooit weer oor 'n ander volk wil regeer nie of dat daar oor ons as volk geregeer moet word nie en van daar die "eie" beginsel, maar ander strepe is vir ons getrek soos 'n onvriendelike opvoedingsomgewing, ens. Daar het egter die laaste 5 tot 6 jaar interessante gebeurtenisse plaasgevind, onder andere die Covid oomblik en die Trump uitvoerende bevel rakende die Afrikaner. Hierdie gebeurtenisse het die wêreld onder die streep in die sand verskuif. Dit het partye weerskante van die streep onkant gevang. Hoe interpreteer en hanteer ons hierdie gebeurtenisse? Hierdie situasie skep uitdagings vir Orania se besluitnemers met die bepaling van magsbalans en beweegruimte, aangesien ons teenstaanders erg geantagoniseer is. Aan die ander kant het Afrikaners weer hul identiteit gevind en het weer bietjie selfvertroue gekry, hulle glo nie meer al die leuens nie en wil hê ons moet sommer oor die streep tree. Die streep in die sand kan egter, myns insiens, op hierdie stadium nie oorskry word nie, maar moet ook nie te min getoets word nie, groot wysheid sal aan die dag gelê moet word. Orania sal homself ook moet toerus om soortgelyke geopolitieke gebeurtenisse te kan hanteer, aangesien ek reken, soos tegnologie uitbrei en die wêreld "kleiner" word, dit meer gaan plaasvind. Gepraat van wysheid, my vrou is besig om 'n boek te lees waarin sy 'n interessante feit raakgelees het oor die woord prioriteit en dat dit eers in die 20ste eeu 'n meervoud, prioriteite, geword het. Dit het my laat dink aan Matheus 6:33, "soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." Mag ons hierdie 2026 ons Prioriteit reg hê en mag Hy vir vir ons byvoeg die wysheid en krag wat ons nodig het om te doen wat Hy vir ons bedoel het, waar Hy ons geplaas het.
'n Mooi en voorspoedige jaar vir elke Oraniër toegewens.

# MENINGS OPNAME

## Watter politieke invloed sal die Munisipale verkiesing van November 2026 in SA op Orania hê?

Die Suid-Afrikaanse munisipale verkiesing van 2026 is 'n komende verkiesing in Suid-Afrika, wat dien om rade vir alle distrik-, metropolitaanse en plaaslike munisipaliteite in elk van die land se nege provinsies te verkies. Hierdie verkiesings word elke vyf jaar gehou.


Carel Boshoff IV

Alle verkiesings, maar veral munisipale verkiesings, stel Orania voor groot politieke uitdagings. Ons ken dit al, maar met 'n bevolking wat teen 10% per jaar groei, is daar elke vyf jaar meer as 'n derde van ons inwoners vir wie dit nuut is. Daarom moet ons leiers na buite én na binne kommunikeer en moet ons inwoners, uiteenlopende sienings in ag genome, hulle deel doen om ons selfbeskikking te laat groei. Daartoe is deelname aan die OVR-verkiesing die sleutel, terwyl die slagysters wat joernaliste en politici stel, vermy moet word."


Pieter Krige

Orania hou ons eie plaaslike munisipale verkiesings en vier ons vryheid deur vir ons eie plaaslike regering te stem. Die OVR het die uitsonderlike status deurdat dit die enigste onafhanklike plaaslike regering in Suid-Afrika is. Dit maak egter nie hierdie verkiesing van minder belang nie, omdat ons juis hier Oraniërs verkies om as ons eie plaaslike regeringsinstelling te dien. So neem ons ons republikeinse verantwoordelikheid op. Ons eie plaaslike regering is dus meer as net 'n simboliese instelling, maar die daadwerklike vergestalting van ons volk se politieke identiteit.


Johan Kriek

Ek glo nie die uislae van die komende munisipale verkiesing gaan 'n direkte invloed op Orania hê nie. Ek glo dat die verkiesing egter 'n beduidende swaai na die meer gematigde partye soos die DA, VF Plus en die IVP gaan hê en dat die gesindheid van plaaslike owerhede teen Orania gaan verbeter. Hierdie swaai gaan deursuur na die volgende algemene verkiesing waarna die gesindheid teenoor Orania verder sal verbeter en positief sal meewerk tot Orania se vryheidstrewe.


Wynand Boshoff

Die plaaslike verkiesing behoort min invloed op Orania uit te oefen, tensy Thembelihle 'n raad verkies wat aktief probeer om Orania te benadeel. Tans is Orania 'n oorlegsone en word só in Thembelihle se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) erken. Dit behels dat Orania wel deel van die munisipaliteit is, maar sy eie sake bestuur en dat die twee instellings niks aan mekaar verskuldig is nie. Die slegste scenario is dat 'n nuwe raad dit omkeer. Orania se status verg steeds beskerming.

# NUWEJAARSBOODSKAPPE 2026



Gawie Snyman, Dorpsbestuurder

Geagte mede-Oraniërs,
Met dankbare harte tree ons voor 2026 aan. Ons doen dit bewus van 'n wêreld en 'n ekonomiese klimaat wat onseker bly, maar ook met vaste hoop, omdat ons weet dat Orania nie bloot deur omstandighede gedra word nie, maar deur die sorgende hand van ons hemelse Vader. In elke seisoen bly Hy getrou, en dit is in hierdie vertroue dat ons vorentoe kyk. Die jaar wat voorlê vra nugterheid, verantwoordelikheid en samewerking. Terselfdertyd bring dit ook geleenthede. Verskeie projekte word vir 2026 beplan wat sal fokus op instandhouding, verbetering en die voorbereiding vir toekomstige groei. Ons infrastruktuurspanne sal veral aandag gee aan die klaar teer van die servituutpad, die aanlê van 'n kraglyn na die oksidasiedamme, konstruksie van slikbeddings by die oksidasiedamme en opgradering van die hoof-rioolpompstasie, terwyl Gemeenskapsdienste ons openbare ruimtes deurlopend sal opknap. By OVD wil ons graag ons kommersiële veiligheidsdienste aan omliggende boere met behulp van AI-tegnologie na 'n volgende vlak neem en sal ons daarom die beheerkamerbediener vanjaar opgradeer. 'n Verdere belangrike verwikkeling by Orania Regspleging (onafhanklik gereguleer deur die Orania Regsraad) is die beskikbaarstelling van 'n besoldigde voorsittern spesifieke gevalle. Hierdie stap versterk die professionaliteit, billikheid en gn tot seën van geloofwaardigheid van ons egsprosesse en bevestig Orania se verbintenis tot orde, natuurlike geregtigheid en verantwoordelike selfbestuur. Die doel is eenvoudig: 'n netjiese en funksionele dorp wat ook ordelik en aangenaam is om in te leef. Ons is dankbaar dat ons verlaagde oordragskoste reeds in 2025 kon deurgee. Hierdie stap het reeds begin om eiendomstransaksies meer toeganklik te maak, veral vir jong gesinne en nuwe toetreders tot Orania se eiendomsmark. Die vrugte daarvan begin reeds sigbaar word, en dit bevestig dat doelgerigte, verantwoordelike besluite 'n werklike verskil kan maak.
In hierdie lig kondig ons met dankbaarheid aan dat 2026 'n Jubeljaar sal wees, met aansienlik verlaagde oordragskoste (plafon van R15,000 per oordrag) spesifiek vir die herstrukturering van eiendomsbesit binne maatskappygroepe en families, veral met die oog op boedel- en langtermynbeplanning. Dit is 'n doelbewuste poging om ekonomiese aktiwiteite aan te moedig sonder en om die gemeenskap kostes te spaar. Terwyl ons vorentoe kyk, doen ons dit met dankbaarheid teenoor die Here, wat ons tot hier gebring het. 2026 roep ons op om saam te bou, mekaar te dien en met ywer en wysheid te werk.
Ek glo 2026 sal 'n jaar wees van nederige groei, sterker gemeenskap en volgehoue hoop – alles tot eer van Jesus Christus ons Koning en Here en tot seën van Orania en sy mense.



Joost Strydom, Uitvoerende Hoof van die Orania Beweging.

Oraniërs weet al. Hulle weet omdat hulle dit soveel keer vantevore ervaar het. Hulle weet omdat hulle dit soveel keer vantevore al met sukses hanteer het. Sommige lees dit in koerante, sommige sien dit op die TV, sommige hoor dit op die radionuus. Sommige is dalk self betrokke en ander ken mense wat ook deurloop. Ek dink egter Oraniërs kan dit al aanvoel. Nee, dit is nie een of ander voorspelling van die einde van die wêreld in 2026 nie, nee dit is nie 'n nuwe virus nie, ook nie die wegraping nie. Dis dalk iets ergers!
Die gevreesde dae het aangebreek. Dit is die tyd van ANC kaders wat kospakkies en t-hemde uitdeel. Dit is die tyd van vyf-jaar oue slaggate skielik toemaak en ou geboue vinnig oorverf. Dit is die tyd van leë beloftes uitdeel en nuwe tenders verkwansel. Dit is verkiesingsjaar in Suid-Afrika! Enige iemand wat 'n hart vir die vryheidsaak, en Orania het, weet al. In die verkiesingsjare kom die goedkoop aanvalle. Skielik word daar naarstiglik rondgespring om desperate kiesers te verenig, een party probeer meer radikaal as die ander wees.
Verkiesingsjare het vir Oraniërs deur die jare al heelwat "interessanthede" opgelewer. Van prominente politici wat wil besoek aflê, tot 'n onophoudelike stroom kameramanne. Van EFF-'verrassingsbesoeke', na mediasensasie. Orania en sy mense is al gekruisig in die media, geskel, uitgelok om kwaad te word, as voorbeeld gebruik en vir ons "teruggryp na die verlede" verwyt. Grootkoppe het Orania al vir eie gewin as speelbal probeer gebruik op sosiale media, en ander het weer gesê meer gemeenskappe moet soos Orania wees.
Sommige wil skielik met Orania se sukses assosieer, terwyl ander kyk hoe vêr hulle ons mense kan uitlok. Die EFF het al gemaak of media, en ander het weer gesê meer gemeenskappe moet soos Orania wees.
Sommige wil skielik met Orania se sukses assosieer, terwyl ander kyk hoe vêr hulle ons mense kan uitlok. Die EFF het al gemaak of hulle 'Orania se munisipaliteit gaan beheer', en die sekretaris van die Noord-Kaapse ANC het al gesê hy gaan "binnekort eiendom bekom in Orania en intrek"! Deur dit alles? Wel deur dit alles kon niemand dit nog regkry om Oraniërs van hulle vryheidsplan te laat afsien nie. Geen geraas was nog genoeg om die uiters belangrike 'eie arbeid' beleid te laat wegval nie. Pogings om Oraniërs dom te laat optree, faal klaaglik. Media- en politieke geraas om Oraniërs by ander probleme in te trek werk net nie meer nie. Terwyl die hele Suid-Afrika amper gaan stilstaan met drama, fokus Oraniërs op bou, ontwikkel en vooruitgang. Orania se mense het eenvoudig nie tyd vir verkiesingsjaardrama nie. Nie net omdat ons te besig is om 'n vrye Afrikanertoekoms te bou nie, maar ook omdat ons hierdie kat al goed uit die boom gekyk het. Terwyl baie Suid-Afrikaners vir die eerste keer die drama van 'n verkiesingsjaar in hulle spesifieke gebied beleef, het Oraniërs 'n baie unieke voordeel.
Ons is verkiesingsfiks! Ons het al hierdie wedloop gehardloop. Terwyl baie mense regoor die wêreld in Januarie weer na fiksheid, gesondheid, oefen en soortgelyke voornemens kyk, is my nuwejaarswens vir ons hardwerkende gemeenskap as volg; mag ons fiks bly. Fiks in ons geloof in die Here.
Fiks om ons interne sake mooi met mekaar te hanteer. Fiks om 'n verkiesingsjaar gemaklik te hanteer. En... fiks vir Vryheid! Ek wens elke Oraniër 'n fikse nuwejaar toe.
Mag, die enigste keer wat die Klein Reus se hand van sy mou afglip, wees om 'n skalkse, ongeërgde glimlaggie van sy gesig af te vee wanneer die verkiesinghouers in sy ore probeer raas!

# GELOFTEFEES '25







# BESOEKERS MENING

Redakteur, Dia van Staden, het met besoeker, Johan van Wyngaardt gesels oor sy ervaring as gas in Orania. Orania: Die perfekte wegbreek vir die Van Wyngaardts. Vir Johan van Wyngaardt (38) en sy vrou, Elizma, is daar geen beter plek om die nuwe jaar te begin as langs die kabbelende water van die Oranjerivier nie. Die egpaar van Bloemfontein, wat die besigheid JJ Kaste en Houtwerk bedryf, het van 3 tot 9 Januarie 2026 by die gewilde Suikerbekkiehuisie in die Aan-die-Oewer-vakansieoord tuisgegaan.
'n Tradisie van ontspanning. Sedert 2019 is Orania die Van Wyngaardts se gunsteling bestemming. Hulle wag nie net vir die groot vakansies nie; dikwels besluit hulle op 'n Saterdagmiddag om sommer net in die pad te val. Hul resep vir sielrus is eenvoudig: die netjiese omgewing, die skoon strate en die opregte vriendelikheid van die mense. Vir 'n besige entrepreneur in die konstruksiebedryf is dit die ideale ontsnapping van die alledaagse gejaag. Meer as net 'n vakansie
Wat die kuier vir Johan besonders maak, is die kombinasie van natuur en gemeenskap. "Ons geniet die stilte en die rivier, maar die braai en die gesels met almal is eintlik die lekkerste," vertel hy. Hulle hou nie hul ontdekking vir hulleself nie; daar is byna altyd vriende of familie, soos sy skoonma, op sleeptou. Volgens Johan is die dorp se aantrekkingskrag



Johan van Wyngaardt
Foto: Dia van Staden

onmiskenbaar: "Daar was nog nooit iemand wat saam met ons gekom het wat nie weer wou terugkom nie."
Die geheim van Orania
Johan glo dat 'n vinnige deurtog nie genoeg is om die ware gees van die dorp te snap nie. Hy beveel aan dat besoekers ten minste twee of drie aande oorbly om die vriendelike atmosfeer, veiligheid en natuurskoon ten volle te ervaar. Deur "kuier-kuier" deur die winkels te stap, ontdek 'n mens gereeld nuwe mense, nuwe juweelplekkies, uitbreidings en projekte wat getuig van 'n groeiende gemeenskap.
Hoewel hy die vroeëre jare se jetski-huur as 'n hoogtepunt onthou, is die huidige aanbiedinge meer as genoeg om hulle besig te hou. Vir Johan is daar geen rede om die dorp te verlaat vir vermaak nie. Met 'n positiewe uitkyk op sy werk en lewe, pak hy 2026 met mening aan, wetende dat sy volgende Orania-ruskans net om die draai is.

# 2026: 'N JAAR VAN MOMENTUM EN BETEKENISVOLLE GROEI

By Bo-Karoo Opleiding tree ons 2026 binne met groeiende momentum en 'n helder fokus op dit wat werklik saak maak: die vorming van individue met vaardighede, waardes en roeping. Met meer as 250 studente, afkomstig van regoor Suid-Afrika en Namibië, beleef ons reeds hoe 'n diverse, doelgerigte studentegemeenskap vorm aanneem.
Die jaar bring nuwe geleenthede om ons akademiese aanbod verder te slyp, terwyl ons met entoesiasme uitbrei aan 'n studentelewe wat meer as net klasbywoning behels. Die ontwikkeling van sport- en kultuurgeleenthede staan sentraal – ruimtes waar dissipline, samehorigheid en leierskap natuurlik groei. "Ons sien 2026 as 'n jaar waarin BKO se missie meer lewendig word as ooit tevore," sê Paul Vogel, BKO se uitvoerende hoof. "Met 'n groeiende kampusgemeenskap en nuwe geleenthede vir studentsukses in en buite die klaskamer, bou ons vaardighede en karakter. Ons is opgewonde oor wat voorlê, vir ons studente en die gemeenskappe wat hulle eendag sal dien."
Vooruitskouend word daar reeds beplan aan nuwe programme vir 2027 en 2028, met verdere uitbreiding by Technika en die Leer-My-Hoe-Proefplaas wat BKO se praktiese, roepingsgedrewe opleiding versterk. Addisionele koshuisverblyf is reeds onder konstruksie. Ons sien ook uit na die voltooiing van die Werksgebou waar ons kantoorspasie sal inneem. Ons bou nie haastig nie, maar doelbewus. Met geloof en verantwoordelikheid lê ons fondasie vir 'n hoopvolle toekoms.





# 10 VRAE AAN...

# MARIKE LABUSCHAGNE

## HOOF VAN STUDENTESAKE BY BO-KAROO OPLEIDING



**1. Wat behels jou pos?**

Studentesake is verantwoordelik vir die vorming van jong Afrikaners wat hul rol in die werksplek en hul gesinne kan volstaan asook die herinneringe wat hul hier maak buiten hul studies. Ons moet vir studente die ruimte skep binne ons vry en veilige omgewing waar hul geborge kan voel om karaktervol te ontwikkel sodat hul kan presteer en floreer wanneer hul BKO verlaat. Ons sorg dat studente blootstelling en geleenthede kry om hul talente uit te leef in sport en kultuur, dat hul gesonde sosiale gewoontes leer, tuis kom in ons koshuise en die nodige ondersteuning kry in alle aspekte van hul welstand. Dit alles doen ons ook in samewerking met verskeie instansies en besighede in ons dorp.

**2. Wat sal jy as jou 3 sterkste kwaliteite uitlig?**

Passie, dryfkrag en ervaring om met jongmense te werk.

**3. Wat is jou korttermyn doelwit?**

Om my afdeling gerat te kry om 800-1000 studente gemaklik te kan hanteer sonder om hul te laat voel hulle is net 'n nommer.

**4. Watter aspek van jou werk geniet jy die meeste?**

Om te sien hoe 'n jongmens ontwikkel en herinneringe maak wat hul nooit sal vergeet nie

**5. Wat doen jy om jouself te motiveer indien jy 'n af dag beleef?**

Fokus op die kleiner dinge of knoop 'n geselsie aan met die studente om energie uit hul te put. Partykeer help dit ook om die werk, wat baie breinkrag vat, eenkant toe te skuif en bietjie te dinkskrum oor die toekoms van BKO, of te droom oor wat ons nog wil bereik en kreatief te raak oor hoe ons ons studenteleweprogram aanbied.

**6. Hoe hanteer jy kritiek?**

Ek is oop vir kritiek, maar hoe en wanneer dit oorgedra word speel die grootste rol in die gesindheid waarin ek dit ontvang.

**7. Jou mening van spanwerk?**

Wanneer elkeen in die span eienaarskap van hul eie taak en rol neem, maar vrymoedigheid het om te vra vir hulp en die res van die span gewillig is om te help en deel te neem aan aktiwiteite in die afdeling, buiten hul eie verpligtinge.

**8. Watter 3 aspekte van Orania lig jy graag teenoor voornemende studente uit?**


Hier is ons vry en dit maak ons veilig, vir baie mense is Orania hul eie "groot trek" so daar is 'n baie groter doel om van deel te wees, dit is 'n plek waar jy jouself kan ontdek.

**9. Watter eienskap van jouself sal jy nog wil ontwikkel?**

Kommunikasie is iets wat nog altyd vir my moeilik is en werk deurlopend daaraan.

**10. Jou persoonlike wens vir 2026?**

Ek wil beter balans tussen werk en rustyd leer handhaaf.









# Kinders by dosyne!



Jacobus Correia is op Woensdag 3 Desember 2025 om 05:05 die oggend gebore. Hy het 2.76 kg geweeg en was 52 cm lank. Jaco, soos hy bekend sal staan, is sommer flink deur pa, Tony, tuis "gevang". Alles het baie vinnig gebeur en ma Cherie het die naelstring self geknip. Die ouerpaar vertel: "ons wil hom graag grootmaak om sy pad te volg vir die roeping wat die Here vir hom gekies het." Boetie Anton (2 jaar en 6 maande) is uiters beindruk met sy kleinboet.



Lisa (Elizabeth) Correia is op 9 Januarie 2026 gebore en het byna nie die skaal se naald met haar 2.98 kg beweeg nie. Sy was 49 cm lank. Elbie en Victor Correia, ouers, is dankbaar vir 'n gesonde meisiekind.



Nikke en Conrad Basson se dogtertjie, Lida, is om 10:55 op Sondag 14 Desember gebore. Sy het 'n skamele 3.43 kg geweeg. Dié ouerpaar se wens vir haar is om 'n vryheidsdrang te ontwikkel en 'n goeie man te kry.






## Volkskool Orania se klas van '25!

Volkskool Orania se afstandleerders het 'n 100% slaagsyfer behaal. Leerders van regoor die land neem hul studies in eie hande en neem verantwoordelikheid vir tydsbestuur, inwin van inligting en fokus. Koerania wens elkeen van die 22 matrieks geluk met die sukses!

Voor: Hanno Bekker, Francois Jordaan en Franco Coertse. 2de ry: Letithia Backhoff, Anri Coertse en Ruan Smith. 3de ry: Jana Gibbens, Anasteah Crous en Anke Keller. Agter: Abigail Vermeulen, Mari van Reenen en Martinet Kok.
Foto: Verskaf







# GRONDLYN

# Gebou as lewende stene op Christus, die hoeksteen

BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies

- dr Wikus Buys



"Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie." 1 Pet. 2:6

Wat 'n wonderlike belofte: wie in Christus glo, sal nooit daaroor hoef skaam te kry nie. God se beloftes is vas en seker in Jesus Christus. Die Bybel verduidelik hierdie kernbelofte met die beeld van 'n gebou, die tempel. Die tempel is die gebou waar die heerlikheid van die Here op die aarde teenwoordig was voor die koms van Christus. Hierdie gebou wys eintlik simbolies daarop dat God by sy kinders op aarde wil woon. Dit is ook in die Bybel so verkondig voordat Christus gebore is. Daarom staan in die vorige vers ook dat gelowiges 'n geestelike huis is, wat as lewende stene opgebou word.

Wat maak hierdie stene lewend? Dit is omdat hulle op die kosbare hoeksteen self gebou is. Die Skrif dui duidelik aan dat die Here Jesus Christus hierdie hoeksteen is. Die apostel Paulus verkondig in Efes. 2:19–20: "So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is."

Toets

Hierdie hoeksteen is waar die hele gebou se eenheid bymekaar kom. Die hoeksteen bepaal hoe en waar die ander stene moet inpas om die hele gebou sy doel te laat bereik. Christen gelowiges het hierdie troos en verpligting met hulle hele lewe. God stuur sy eie Seun as hoeksteen vir die gebou waarin Hy wil woon. Deur die inwoning van die Heilige Gees en deur geloof word ons verbind aan die hoeksteen, Jesus Christus. Ons lewens pas in by Hom, die hoeksteen self. Dit bring ook die ernstige verpligting mee, dat ons gedurig getoets word of ons lewens wel by die hoeksteen pas. Weg en los van die hoeksteen is daar geen eenheid of vastigheid nie. Trouens, die Skrif leer duidelik dat daar mense is wat nie net aanstoot neem aan die hoeksteen nie, maar wat hulleself ook verniel deur teen die hoeksteen te stamp. Vir baie mense is Jesus Christus 'n steen van aanstoot. Jesus Christus is die Hoof van alle dinge, en as sodanig het Hy ook as die Hoof van die gemeente, sy liggaam gegee. Daar is maar een, enige hoeksteen.

God bou self. God bou sy eie huis. Hy gee die bouplan. Hy is die argitek en die bouaannemer. Sy huis word reg gebou, dit word gerig en bepaal deur die hoeksteen.

Hierdie feit moet ons hele lewe kenmerk – in ons persoonlike lewe, in ons huwelike, in die skole, in die gemeentelewe, in die burgerlike lewe, waar ook al. Ons moet lewende stene in die gebou van God wees wat Hy oprig vanuit sy hoeksteen, Jesus Christus. Christelike burgerskap. In die burgerlike lewe strewe ons vanuit Orania sterk na die daarstelling van ons eie Christelike Afrikaner republiek. Dit is 'n diep begeerte en 'n hoë en heilige opgawe. Ons mag dit nooit doen sonder Jesus Christus, die hoeksteen nie. Indien ons so iets sou waag, sal Jesus Christus self vir ons 'n struikelblok word waaroor ons sal val en vernietig word. Ons mag nooit toelaat dat die aandag in ons gemeenskap weggetrek word vanaf ons hoeksteen nie. 'n Volk sonder Christus, is 'n volk sonder 'n toekoms.

Wat 'n genade dat Orania Jesus Christus as hoeksteen mag en wil bely, as dié lewende steen van alle bouwerk, fisies en geestelik. Ons word as lewende stene gebou op Christus, die enigste hoeksteen. Wat 'n voorreg, maar ook wat 'n verantwoordelikheid is dit nie op ons almal nie. In ons strewe na 'n eie republiek moet een ding voorop staan: dat ons die bouplan volg na die hoeksteen se mate. Hierdie waarheid het baie gevolge. Dis immers 'n gewetensaak voor God. Ons wil 'n stad en streek en uiteindelik 'n staat opbou, geestelik, ekonomies, grondwetlik, kultureel, polities, militêr, opvoedkundig, noem maar op. In dit alles is daar net een hoeksteen: Jesus Christus. By Hom kom die paaie bymekaar, maar sonder Hom gaan die paaie ook uitmekaar. In Hom hoef ons ons nooit te skaam nie. Mag 2026 vir ons as Oraniërs 'n nuwe jaar van hoop en verwagting wees, 'n jaar vol opwinding en afwagting, vol werk én rus, omdat ons weet Wie ons hoeksteen is.

# BOEK RESENSIE






Skrywer, Jeff Kinney.

Dagboek van 'n Wimpy Kid 20: Pretploert

Greg Heffley verpes verrassings – veral op sy verjaardag. Maar hy sou hom nooit die skokkende planne kon verbeel wat sy gesin hierdie jaar vir hom in gedagte het nie. Wanneer Greg se partytjieplanne begin uitrafel, hoop hy nog sy verjaardagwens word waar – 'n gesogte ruilkaart wat 'n fortuin werd is. Die probleem is dat hy nie al een is wat daarvan droom nie. Die kanse is skraal dat hy dit gaan opraap. Gaan Greg se verjaardagdrome waar word? Of gaan hy leer om versigtig te wees waarvoor hy wens?

Die Diary of a Wimpy Kid-reeks (in Afrikaans bekend as Dagboek van 'n Wimpy Kid) is al in ten minste 69 verskillende tale en 84 uitgawes regoor die wêreld gepubliseer. Hierdie bladsy lys die titels van al die boeke in die reeks in hul vreemdetalige vertalings. Dit sluit ook die uitgawes van verskeie boeke in.

Uitgewer: Penguin Random House

Jeff Kinney is USA Today, New York Times en Wall Street Journal se #1 topverkoperskrywer van die Wimpy Kid-reeks en het ses keer die Nickelodeon "Kids' Choice Award for Favorite Book" verwerf. Oorvöl duk, Boek 17, is in November 2022 uitgegee en was in 'n kits 'n wêreldwye #1 topverkoper. Jeff is benoem as een van die tydskrif Time se 100 Mees Invloedryke Mense in die Wêreld en is een van die 10 topverkoperskrywers nog. Hy is ook die skepper van Poptropica, wat as een van Time se 50 Beste Webwerwe bekroon is. Hy het naby die Washington, D.C., omgewing grootgeword en in 1995 na New England verhuis. Jeff woon saam met sy vrou en twee seuns in Massachusetts, waar hulle 'n boekwinkel besit.



**ORANIA BIBLIOTEEKURE**

| | |
|---|---|
| **Maandae:** | 09:00 - 12:30 |
| | 13:30-17:00 |
| **Dinsdae:** | 09:00 - 12:30 |
| | 13:30-17:00 |
| **Woensdae:** | 09:00 - 12:30 |
| | 13:30-17:00 |
| **Donderdae:** | 09:00 - 12:30 |
| | 13:30-17:00 |
| **Vrydae:** | 09:00 - 12:30 |
| | 13:30-17:00 |
| **Saterdae:** | Gesluit |

**Bibliotekaresse – Lêana Schlebusch**

**Kontakbesonderhede:**

**bib@myorania.co.za**

**083 338 7078**



# MENINGS OPNAME

## Wat wil vakansiegangers in Orania beleef of ervaar? Daar word jaarliks 'n vakansieprogram saamgestel. Dit blyk egter of besoekers nie juis die aktiwiteite bywoon nie. Wat moet ons aanbied?



Jan Snyder

Die toeriste wat Orania besoek wil die Afrikanerdom in werking sien. Lewende museums, tradisionele musiek, kwaliteit toneel. En die meer gegoedes soek Bergfietsroetes, ten minste 'n gholfdryfbaan en avontuurkampe.




Elmarie Lambrechts

Die vakansieprogram moet op 'n ander platform geadverteer word, want besoekers het nie toegang tot die platforms waar dit geadverteer word nie. Ek is onseker of gastehuiseienaars die vakansieprogram voor die vakansie beskikbaar het, sodat dit met besoekers gedeel kan word, en hul dan vir meer as een aand bespreek



Cara Tomlinson

Die Krugerkonsert is baie goed bygewoon deur besoekers - daar was baie min Oraniërs. Ek maak dus die afleiding dat besoekers 'n kultuurervaring of iets in die lyn soek.
Ek dink mense ontspan en wil nie noodwendig afspraak gebaseerde aktiwiteite bywoon nie. Dalk informele waterspeletjies vir kinders by die swembad, 'n buitelug fliek, 'n sterrekyk geleentheid of iets in die lyn van stalletjies en liggies wat mens kan bywoon, waar 'n lekker atmosfeer met musiek en kos heers.



Nicolette Ebersohn

Gastehuise het baie gaste wat net 1 aand oorslaap. Hulle arriveer laatmiddag en slaap op pad na hulle bestemming. Ek verwys hulle gewoonlik dan na 'n gepaste restaurant.
Baie wil soveel moontlik binne 2 ure sien. Ek probeer altyd op hoogte bly wat in Orania gebeur om gaste ingelig te hou. Die wat net 1 aand oorbly, is regtig so moeg, hulle eet en slaap net. Ek moet soms vreeslik soek na aktiwiteite op verskillende bladsye, om te deel met my gaste. As iemand dalk op 'n weeklikse basis die advertensies kan deel van aktiwiteite vir die komende week, en vra dat gastehuise moet deel, sal dit ook help om dalk meer mense te kry by Orania se aktiwiteite.



Dawie Delport

Mense slaap een aand oor omdat dit duur is. Geld is nie so los soos wat dit altyd was nie. Om besoekers te trek moet mens meer pamflette versprei, Besoekers woon nie aktiwiteite by nie omdat hulle nie weet wat gebeur nie. Ons het beter maniere van bemarking nodig.

# VRYHEID, SELFDISSIPLINE EN DIE KUNS VAN BALANS

**Top presteerder Anasteah Crous**

Dia van Staden

Vir baie matrieks is die einde van die skoolloopbaan 'n vinnige jaagtog na die onbekende, maar vir Anasteah Crous, 'n uitblinker van Volkskool Orania, is dit 'n berekende stap na selfverwesenliking. Met vier onderskeidings in die sak — in Engels, Wiskundige Geletterdheid, Besigheidstudies en Rekenaartoepassingstegnologie (RTT) — het sy bewys dat akademie en karakter hand aan hand loop.
Anasteah se opvoedkundige pad het haar van Laerskool Witpoort na die aanlynstelsel van Volkskool Orania gelei. Hierdie oorskakeling was vir haar meer as net 'n verandering van skool; dit was 'n ontdekking van haar eie identiteit.
"Daar is lewe en jy kan regtig jou beste self wees," vertel sy. Sy beklemtoon dat die vryheid van afstandleer nie beteken het dat sy kon slaplê nie. Inteendeel, die stelsel het haar geleer dat sukses van jou eie ingesteldheid afhang. Sonder iemand wat oor haar skouer kyk, moes sy self die besluite neem oor haar studies en dag-tot-dag aktiwiteite. Vir Anasteah is selfdissipline die sleutel tot balans, en balans is die fondament van haar toekoms.
Met vakke soos RTT onder haar gordel, is Anasteah geen vreemdeling vir die digitale wêreld nie. Sy verstaan hoe tegnologie werk, maar sy koester 'n gesonde skeptisisme teenoor die opkoms van Kunsmatige Intelligensie (KI). Hoewel sy erken dat KI 'n integrale deel van die toekoms gaan wees, waarsku sy teen die gevaar daarvan. "KI gaan ons vermoë tot kritiese denke verwyder. Ons gaan afhanklik raak daarvan dat 'n masjien vir ons dink." Sy sien dit as 'n instrument wat met omsigtigheid hanteer moet word sodat dit nie die menslike brein oorheers nie. Anasteah skroom nie om krities te kyk na die huidige onderwysstelsel nie. Sy voel dat skole dikwels verouderd is, met vakke soos Lewensoriëntering wat sy as subjektief en oorbodig beskou. Sy meen dat temas soos herwinning en vigs oorbeklemtoon word, terwyl vakke soos Rekeningkunde nie altyd by die moderne konteks en toepassing aangepas is nie. Haar fokus lê eerder op praktiese vaardighede wat werklik waarde tot die lewe toevoeg.
Terwyl baie jongmense droom van oorsese avonture en formele studies, verkies die 18 jarige Anasteah om haar toekoms plaaslik te bou. Die wêreldpolitiek en onsekerheid laat haar eerder veilig voel op tuisbodem. "Ek sal kyk wat maak Trump," skerts sy.
Haar doelwitte vir die komende jaar is verfrissend tradisioneel en doelgerig. Sy wil die vaardighede aanleer wat weens skoolwerk agterweë gebly het: naaldwerk, musiek, kookkuns en die reis na vrou-word. Sy beplan ook om praktiese ervaring in haar pa se besighede op te doen, waar sy meer sal leer oor bemarking en finansiële bestuur.
Geïnspireer deur die hardkoppige




gedetermineerdheid van Merida (van die fliek Brave) en die kalmte van die skilder Bob Ross, streef Anasteah na 'n lewe van vrede en doelgerigtheid. Haar ouers bly haar grootste rolmodelle — haar pa se deursettingsvermoë en haar ma se sagtheid bied vir haar die perfekte balans. Vir Anasteah gaan die toekoms nie oor partytjies of groepsdruk nie, maar oor die bou van 'n fondament. Sy droom daarvan om in haar twintigerjare 'n gesin te begin en haar kennis aan die volgende generasie oor te dra. Haar boodskap is duidelik: "Jou sukses en prestasie is afhanklik van jou ingesteldheid. Al wat jou terughou, is jy self."

# Die buitelewe roep



Jacobus Venter

Dia van Staden

Vir die 18-jarige Jacobus Venter is die voltooiing van sy 12 jaar skoolloopbaan nie net die einde van 'n hoofstuk nie, maar die suksesvolle begin van 'n doelgerigte lewenspad. Met meer as 80% gemiddeld agter sy naam en onderskeidings in vakke soos Wiskunde, Lewenswetenskappe en Lewensoriëntering, het hierdie oud-leerling van Orania CVO bewys dat harde werk en selfdissipline vrugte afwerp. Jacobus skryf sy akademiese sukses grootliks toe aan 'n vaste roetine wat hy reeds in Graad 10 gevestig het, asook die onbaatsugtige hulp van 'n wiskunde-onderwyser, juffrou Elencia van der Walt, wie se ekstra leiding hom gehelp het om die mas op te kom. Die pad was egter nie sonder uitdagings nie. Op negejarige ouderdom is Jacobus met epilepsie gediagnoseer, wat beteken het dat hy sy seuntjiedroom om rugby te speel, moes laat vaar. In plaas daarvan om moed op te gee, het hy sy energie in ander sportsoorte soos krieket, tennis en atletiek gestort. Jacobus erken dat hy graag saam met AB de Villiers op die krieketveld sou wou staan; hy kon ure lank kyk hoe sy held speel en glo dat so 'n geleentheid sy eie krieket 'n groot hupstoot sou gee. Die jaarlikse AVS Bokkieweek was vir hom 'n hoogtepunt waar hy vriendskappe oor provinsiale grense heen gesmee het. Hy beskryf sy hantering van sy gesondheid as 'n "kop-ding" en glo dat die satisfaksie wat 'n mens put uit die bereiking van doelwitte enige opoffering die moeite werd maak. Sy pa se woorde in Graad 8 dat hy nou moet insit om die vrugte vir die res van sy lewe te pluk, was sy konstante motivering. Jacobus se toekomsplanne is stewig in ons eie land se bodem gewortel. Hy begin vanjaar met sy BSc Agric in Veekunde aan die Universiteit van Pretoria Tuks), met die hoop om teen die einde van 2026 vir Veeartsenykunde gekeur te word. Sy passie lê in die natuur en die wildbedryf; hy droom daarvan om met grootwild soos buffels te werk, met 'n helikopter te vlieg en prakties in die veld te werk. Sy liefde vir die jagveld is reeds vroeg in Potgietersrus aangewakker en versterk deur die verhale van PJ Schoeman. Hy identifiseer homself met die karakter Fanie, die grootwildjagter, omdat hy die natuur wil ervaar op 'n manier wat min mense kan beskryf. Op 'n ligter noot erken Jacobus dat hy wens hy kon "teleport" soos die dogter in die reeks The Thundermans. Om binne 'n sekonde van een plek na 'n ander te beweeg sou baie help om tyd op die pad te bespaar – veral die lang pad see toe wat net te lank vat! Tog is hy bereid om die tyd en werk in te sit waar dit saak maak, veral op die gebied van veeartsenykunde.

Veral op die gebied van veeartsenykunde wil Jacobus sy gemeenskap dien. Hy sien hierdie beroep as 'n vorm van noodsaaklike dienslewering. Volgens hom is die huidige probleme met siektes soos bek-en-klouseer direk toe te skryf aan 'n tekort aan veeartse met die nodige kennis, en hy hoop om daar 'n wesenlike verskil te maak.

Wat tegnologie betref, erken hy dat kunsmatige intelligensie dalk 'n rol in chirurgie kan speel, maar glo dat die ware werk van 'n veearts fisies in die veld lê. Sy boodskap aan die jeug is duidelik: moenie voor groepdruk swig nie, stel vir jou doelwitte en werk onverpoosd daarvoor. Hy glo dat ware vriende jou sal ondersteun in jou strewe na sukses, ongeag wat ander dink. Vir Jacobus is die toekoms 'n oop veld wat hy met 'n graad in veeartsenykunde, 'n vlieglisensie en 'n passie vir wild wil tem.

# Leierduo maak planne vir 'n spontane gees

Dia van Staden

By Orania CVO heers daar 'n tasbare opgewondenheid oor die jaar wat voorlê, gedryf deur 'n nuwe generasie leiers wat gereed is om die skool se trotse tradisies met vars energie te versterk. Ansuné en Daniël, die spilpunte van die leerlingraad, sien hulself nie net as gesagfigure nie, maar as ware voorlopers wat die pad vir hul medeleerders moet gelykmaak. Vir Ansuné beteken leierskap om op 'n respekvolle manier rigting te gee, waar wedersydse respek die kern vorm van elke interaksie. Sy glo dat leiers die verantwoordelikheid dra om die skool se naam met trots uit te dra, sodat elke leerder deel kan voel van iets groter as hulleself.

Daniël, wat reeds sedert 2014 sy pad by die CVO-skool stap het, bring 'n diepgaande begrip van die skool se kultuur na die tafel. Vir hom gaan leierskap hoofsaaklik oor die stel van 'n voorbeeld. Hy fokus op die praktiese sy daarvan: om vir die jonger kinders te wys hoe om dinge reg te doen, van die klein takies soos stilbly in die rye en getroue huiswerk doen, tot die hantering van meer komplekse sosiale uitdagings. Hy merk tereg op dat leerders dikwels makliker na hul portuurgroep luister as na onderwysers, omdat 'n medeleerder soms 'n boodskap op 'n meer toeganklike manier kan oordra. Hierdie vermoë om as skakel tussen die personeel en die kinders te dien, is 'n sleutelelement van hul planne vir die jaar. Wanneer dit by die hantering van dissipline en konflik kom, het albei leiers 'n duidelike visie. In 'n era waar boeliegedrag dikwels na sosiale media verskuif het en meer oor woorde en "katterigheid" gaan as oor fisiese kontak, is hulle waaksaam. Daniël glo daaraan om vinnig in te gryp waar nodig, terwyl Ansuné 'n meer berekende benadering volg deur individue wat nie hul kant bring nie, eenkant te kry vir 'n opbouende gesprek. Hulle vul mekaar uitstekend aan: Daniël is die dominante denker wat vinnig op sy voete kan besluit om orde in chaos te bring, terwyl Ansuné die georganiseerde kragbron is wat met fyn detail en deeglike beplanning enige projek kan deurvoer. Die duo het 'n ambisieuse agenda om skooltrots en gees te herstel. Hulle het opgemerk dat daar in die verlede 'n traagheid was onder leerders om voluit aan geesvang of die sing van die skoollied deel te neem. Hul plan is om hierdie kultuur te verander deur self die voortou te neem en die "skaamheid" onder leerders af te breek. Met inisiatiewe soos die "Orania gaan Groot"-veldtog, 'n energieke Pom-Pom groep, en die verskuiwing van geesvang-aktiwiteite na die koeler oggendure, wil hulle 'n atmosfeer skep waar deelname die norm is. Deur die fokus op gees en tradisie te plaas, wil hulle die ruimte skep vir onderwysers om ongestoord op akademie en dissipline te fokus.

Die verhouding tussen onderwysers en leerders is ook 'n prioriteit. Ansuné en Daniël erken dat daar soms 'n gaping in kommunikasie en wedersydse respek bestaan. Hulle wil hierdie gaping oorbrug deur as middelmanne op te tree en te wys dat elke onderwyser werklik omgee vir die kinders se belange. Hulle merk op dat namate kinders ouer word en in kleiner vakkeuses en klasgroepe inbeweeg, die verhoudings natuurlik verbeter, en hulle wil daardie positiewe dinamika na die hele skool uitbrei. Ten spyte van die uitdagings wat 'n besige matriekjaar met 17 individue meebring, bly hulle gefokus op hul hoër roeping. Ansuné herinner haar medeleerders daaraan dat dit 'n voorreg is om in hul eie taal en kultuur onderrig te word en dat geloof die anker van al hul aktiwiteite moet wees. Daniël sluit hierby aan deur te beklemtoon dat Orania CVO 'n unieke omgewing bied waar Christelike waardes vrylik uitgeleef kan word. Met 'n nuwe bestuurstelsel en 'n passievolle mediaspan wat die skool se beeld gaan bevorder, is hierdie leiers vasbeslote om van 2026 'n merkwaardige jaar te maak. Hulle visie is duidelik: om deur balans, goeie tydsbestuur en 'n rotsvaste vertroue in die Here, elke leerder te motiveer om tot hul volle potensiaal te groei.



Daniël Tomlinson en Ansuné Venter




# KOERANIA Sport






# SPORT GIDS

**Amateurstoei**
Tinus V Dyk @ 073 169 3505
Willem Strauss @ 0792990631
Dinsdae en Donderdae 16:00 tot 17:00 .Vir laerskool stoeiers ouer as 5 jaar
17:30 tot 19:00 vir hoërskool en senior stoeiers
Hoek van Olienhoutrylaan en Ysterklipstraat




**Atletiek**
Orania Atletiekklub
Christo Muller @ 083 628 0272
Tydtoets elke Woensdag
4km vanaf Gemsbok Instituut
18h00 in die somer en 17h30 in die winter
Tye word geneem vir ranglys



**Boogskiet**
Willem Jacobs
@ 083 661 9707
Dinsdae om 16:00
Telegram: Koedoe Boogskiet Akademie
Gratis opedag maandeliks

**Dans - Akrobaat/Modern/Hip-hop/Ballet**
Janél Cornelius @ 068 589 9227
Gemeenskapsaal se Sysaal
Maandae tot Donderdae - Kontak vir rooster per ouderdom en dansstyl



**Fietsry**
Orania Fietsryers
Dewald Otto @ 084 557 4223 (Whatsapp groep). Groepritte Dinsdagmiddae / Saterdag-oggende . 'n Sosiale groep met verskillende vlakke van fiksheid

**Hokkie**
Jané Ebersohn @ 0722419142
Orania Sportterrein
Dinsdae en Donderdae 15:00 tot 16:00



**Kirsten Balletskool**
Eldien Kirsten
@ 076 712 7801
Saamstaan Sentrum
Woensdae en Donderdae 13:00–17:30 (klas 30–60min)
Oranjerivier Gimnastiekklub

**Muurbal**
Johan Scholtz @ 076 859 8082

**Orania Sportskiet**
Johan van Loggerenberg @ 079 335 1621



**Paaldans en lugnastiek**
Yoraldé Grotius @ 082 065 8593
Saamstaan Sentrum
Maandae en Dinsdae
16:00 – 17:00 Lugnastiek
17:00 – 18:00 Paaldans
Woensdae
16:15 – 17:15 en 17:15 – 18:15 Paaldans
Donderdae
16:00 – 17:00 Kondisionering




**Perdry**
Jessica Bornman
@ 082 823 2541
Orania Perdryskool
Oewerlaan

**Pilates klasse vir dames**
Saamstaan Sentrum
Eldien Kirsten
@ 076 712 7801
Ma en Don
07:00–07:45 en
17:15–18:00



**Pluimbal**
Koos le Grange @ 083 568 703
Gemeenskapsaal. Tye wissel.




**Ritmiese Gimnastiek, Pom-poms en Strek**
Michelle Jacobs @ 0823400265
Saamstaan Sentrum
Maandae tot Vrydae, 13:30 – 18:00




**Rolbal**
Orania Rolbalklub
Voorsitter: Francois van Schalkwyk
0730891604 / francoisvs57@outlook.com
Nuwe rolbalbaan tans onder konstruksie.

**Sportklub:**
Rugby, Netbal en Hokkie
Hendri/Marike Labuschagne
0724535577 / 0726042564




**Swem**
Hester Botha @ 082 093 4352



**Tennis**
Willie Steenkamp @ 082 490 4935
Orania Tennisbane, Pêrellaan
Saterdae om 16:00



**Tenshinkan Karate Orania**
Henk Steyn
076 790 8843
Volkskool Orania
16:30 tot 17:30

